JUFFROU ANRI-WENKE #2

Samewerkingsgeleentheid met LAPA-Uitgewers

---

## Hoe om 'n taalkonsep in konteks aan te bied en die belangrikheid daarvan

Wanneer leerders 'n taalkonsep aanleer binne die konteks van 'n teks of 'n situasie, **verstaan hulle dit beter**, **onthou hulle dit langer**, en is hulle meer geneig om dit **korrek toe te pas** in hul eie skryfwerk.

*-Werkkaarte vol losstaande sinne of papegaaiwerk = korttermyn memorisering.*

*-'n Konteks-gedrewe teks of paragraaf = ware insig en toepassing.*

**'n Praktiese voorbeeld vanuit 'n Juffrou Anri-werkboek (Graad 5 Afrikaans HT, Vaardigheidsboek, KW3):**

In plaas daarvan om net 'n lys voorsetsels te gee en dit te laat invul in los sinne, gee ons:

- **'n Volledige teks of paragraaf** met 'n spesifieke tema (bv. reis, skool, sport)
- Dan word die **taalkonsep** (soos voorsetsels of trappe van vergelyking) binne daardie teks geïdentifiseer, bespreek en geoefen.
- Die aktiwiteite moedig die leerder aan om self tekste te lees, te interpreteer én toe te pas.

© JUFFROU ANRI
www.juffrouanri.com

**Onthou: Kwaliteit bo kwantiteit**

- Dis beter om **een taalkonsep deeglik** en met begrip aan te leer, as om **5 konsepte vinnig** af te jaag.
- Leerders voel meer in beheer van hul taalvaardighede as hulle weet *wanneer en hoekom* iets gebruik word.
- Dit is ook belangrik om teksgebaseerde taaloefeninge te doen, as gevolg van konteks. In een sin is die woord 'n werkwoord, maar in 'n ander sin is dit 'n selfstandige naamwoord – **konteks** leer vir leerders die verskil in woordsoorte aan – nie lukrake woorde en sinne nie.

© JUFFROU ANRI
www.juffrouanri.com